Week 3 en 4 (16 Nov. – 27 Nov.)

Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

Wiskunde (CAMI oefeninge is opsioneel)

Soos verduidelik in die CAMI brief - Volg die volgende roetes om by die oefeninge uit te kom soos verwys in die onderstaande kontrolelys.

1. Klik op oefen.
2. Klik op wiskunde.
3. Klik op onderwerpe.
4. Gebruik die soek funksie en tik die CAMI kode in.
5. Maak seker u kies Graad R by die graad opsie. Klik op soek.
6. Klik op die skakel wat opkom. Dit sal u na die oefening neem.

CAMI:

- ☐ Kies die syfer as gegewe die getalnaam vanaf 1 tot 10 (5033)
- ☐ Tel vorentoe en agtertoe tussen 1 en 10 (10156)
- ☐ Vergelyk getalle vanaf 1 tot 10 (5769)
- ☐ Pas getalle by groepe vanaf 1 tot 10 (5036)
- ☐ Pas groepe by getalle vanaf 6 tot 10 (5037)
- ☐ Pas identiese groepe vanaf 6 tot 10 (5034)
- ☐ Identifiseer spieëlbeelde (2079)
- ☐ Posisie – voor en agter die rooster (2185)
- ☐ Posisie – onder, bo, links of regs (2121)

- ☐ Hersien getal 10 storie

Getalbegrip

- Tel van 1 tot so hoog die leerder kan. Indien nodig gebruik tellers. (Hy/sy moet in staat wees om tot 50 te tel)
- Tel van 10 af terug. Daag leerder uit om van 15 af terug te tel. Gebruik ‘n getallelyn indien nodig.
- Tel in 2’s tot by 10. Daag leerder uit om tot 20 te tel.
- Tel aan: Mamma sê ‘n getal en leerder tel aan bv. “3”, 4, 5, 6. (Daag leerder dan uit en gebruik getal gebied tussen 20 en 50)
- Gaan stap ‘n bietjie buite rond en tel julle tree. Maak dit interessant om soms lukraak (‘random’) te begin tel soos by 11 of 18.
- Speel bordspeletjies wat tel behels bv. ‘n dobbelsteen/karate.
- Maak julle eie kalender en begin die dae aftel totdat die skool sluit. (Vanaf Maandag 16 November is dit 24 slapies en vir die ander groep 25 slapies!)
- Mamma trek lyne op ‘n A4 bladsy sodat dit in 10 blokke gedeel word. Leerder knip op die lyne. Op elke blokkie skryf die leerder ‘n getal van 1 tot 10.
- Maak die getalkaartjies deurmekaar en laat leerder dit in die regte volgorde pak.
- Laat leerder sy oë toemaak terwyl mamma 1/2 veranderinge aanbring deur kaartjies te ruil. Leerder moet dan kyk of hy kan sien wat geruil is en dit dan regmaak.
- Mamma kies twee kaartjies en hou een in elke hand. Vra dan vir die leerder watter kaartjie is die meeste/minste. Herhaal omtrent 5 keer.
- Leerder gaan soek die hoeveelheid items vir elke kaartjie. Bv. 1 klippie, 2 karretjies, 3 boontjies, ens.

- Doen woordprobleme met die leerder met elke getal. Bv. Hier is 2 karretjies, as ek nog 3 karretjies by sit hoeveel gaan daar altesaam wees? Laat leerder toe om vingers te gebruik indien nodig.
- Blaai deur 'n koerant/tydskrif en kyk hoeveel getalle van 1 tot 10 die leerder kan vind.

Voorgrond / agtergrond

1. Mamma teken 3 vorms bo-oor mekaar en gee leerder die instruksie om een vorm in te kleur. Let wel dat die hele vorm ingekleur moet word.
2. Mamma teken 3 prentjiies wat mekaar op party dele oorvleuel, bv. man, skoen, kar. Gee leerder die instruksie om een van die drie prentjies in te kleur. Let wel dat die hele prentjie ingekleur moet word.

Rangorde:

- Pak 10 items langs mekaar in 'n ry en laat die leerder die rangorde tel van eerste tot tiende.
- Vra dan vir die leerder om die item wat eerste, derde, vyfde ens. is uit te wys.

Huistaal

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die j – klank
- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die k – klank
- Teken jou naweeknuus met duidelike karakters en gebeurtenisse. Mamma skryf dan 'n sinnetjie bo-aan

Doen en Leer

- Voltooi asb. Week 30.